



CHRISTIAN LITERATURE FUND  
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

---

Wellington Industrial Park, 19 Oude Pont Street / Straat, Wellington, 7655 • Private Bag / Privaatsak X19, Wellington, 7654  
+27 (0)21 873 6964 • info@clf.co.za • www.clf.co.za

## **Pinkstertyd 2021**

# **Die Heilige Gees maak heel en nuut**



Sunyu <https://unsplash.com/photos/JhqBxsORuXA>

Die fokus van die 2021 Pinksterreeks is op die heling van ons gebroke werklikheid te midde van die Covid-19 pandemie en die baie ander uitdagings wat ons land tans in die gesig staar. Daar is 'n donkerste aan die tyd waarin ons leef, en ons smag na lig, na heling, na lewe.

Hierdie ontwrigtende tyd roep allerlei vrae en temas op: vrae oor God se teenwoordigheid/afwesigheid/versluiting in hierdie tyd; die mens se verlaning na hoop/troos/betekenis; die heelmaak van verhoudings; die heelmaak van die kerk, die heelmaak van die natuur; die heelmaak van waarheid; die heelmaak van gemeenskappe; die heelmaak van geloof, ens.

Hierdie heel- en nuut maak is veral die werk van die Heilige Gees, as derde Persoon in die Drie Eenheid. Verskillende fasette van die Gees se werksaamhede word hier belig.

Die reeks is vanjaar uitgewerk deur leraars van die NG Kerk, VGKSA en NGKA verbonde aan die Departemente "Praktiese en Missionale Teologie" en "Historiese en Konstruktiewe Teologie" van die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van die Vrystaat. Ons is dankbaar vir hulle gewilligheid en kundige bydraes.

Die temas van hierdie reeks is die volgende:

1. Hemelvaart en die aardse werk van die Gees (Die Gees van Christus)  
[Dr Eugene Baron]

2. Hoekom is die Gees gestuur? (Identiteit en kernwerksaamheid van die Gees)  
[Dr Eugene Fortuin]

3. Die Gees help ons om te glo (open ons oë en harte – "unveiling")  
[Dr Andries Hoffman]

4. Die Gees lei ons in die hele waarheid (kennis, onderskeiding)  
[Dr Lyzette Hoffman]

5. Die Gees vertroos en genees (individue en gemeenskappe)  
[Dr Juanita Meyer]

6. Die Gees bou, bemagtig en lei die kerk  
[Prof Kobus Schoeman]

7. Die Gees herstel en herskep die natuur (ekologie)  
[Prof Jan-Albert van den Berg]

8. Die Gees help ons bid (aanbidding en voorbidding)

[Dr Suzanne van der Merwe]

9. Die Gees skep gemeenskap met God en mekaar (eenheid, versoening)

[Prof Pieter Verster]

10. Die Gees roep en stuur ons na die wêreld – met hoop

[Dr Wessel Wessels]

Die reeks word geborg, versorg en versprei deur die Christelike  
Lektuurfonds [www.clf.co.za](http://www.clf.co.za)

*Eddie Orsmond en Gideon van der Watt*

CLF Publikasies

## 1.

# **Jesus se Hemelvaart en die aardse werk van die Gees (Die Gees van Christus)**

## **Handelinge 1**

Eugene Baron

### **Inleiding**

As Christene kan ons nie nadink oor Jesus se Hemelvaart sonder om ook, in die lig van die werk van historiese skrywers, sowel as Jesus se eie woorde, die teenwoordigheid van die Heilige Gees daarin op te merk nie. Alleen maar in die eerste hoofstuk van die boek Handelinge word die teenwoordigheid van die Heilige Gees in omtrent elke tweede vers onderstreep. Maar, in die konteks van Jesus se "vertrek", weg van sy dissipels wat maar 'n ontwigte en brose groepie mense was, was dit alles uiters traumaties: "Het God ons nou alleen gelaat?" Selfs op 'n meer persoonlike vlak: "Is ons nou alleen?" En tog, hoe meer ons die verhaal deur die lens van Lukas lees, hoe meer word ons gerusgestel. In 'n dieper nadenke oor die eksistensiële vrae hierbo, bring die Hemelvaart op 'n paradoksale manier meer troos as verlatenheid.

Hierdie vrae was nie alleen vrae vir die dissipels uit die eerste eeu nie, maar dit het ook die alles oorheersende vrae vir kwesbare mense in ons dag geword. In die laaste jaar of so, met die uitbreek van die Koronavirus-pandemie in ons land, het die vraag na God se teenwoordigheid (of nie) van kardinale belang geword. Hierdie relevante vrae word in ons Skrifgedeelte beantwoord. Dit is 'n gedeelte waarin ons nie net antwoorde op die vraag na die teenwoordigheid van die Here kry nie. Die relevansie van hierdie vrae is duidelik uit hierdie Skrifgedeelte. Dit is in hierdie gedeelte van die Skrif waar ons nie net antwoorde kry oor die werk van die Gees nie, maar die voortgesette teenwoordigheid van God in ons lewens, deur die Heilige Gees. En hierdie teenwoordigheid is nie net beperk tot die Bybelse tyd nie, maar duur vandag nog voort.

### **Die Heilige Gees as Gees van Christus**

Dit is nie moontlik om die werk van die Heilige Gees te verstaan as losstaande van Christus nie. Inteendeel, ons kan die Heilige Gees en die werk van die Gees net verstaan soos Lukas dit verstaan het: as die Gees van Christus. Daarom kan ons sê dat die werk van die Gees in gelowiges se lewe ongetwyfeld ook die werk van Christus is. Reeds voor Jesus se hemelvaart getuig Lukas dat Jesus sy opdragte aan sy dissipels "deur die Heilige Gees" gegee het.

’n Verwysing na die Gees van Christus kan ook gevind word in Jesus se eie woorde in sy eerste openbare gesprek in die Sinagoge van Nasaret toe Hy begin met die woorde: “Die Gees van die Here is op My” (Lukas 4:14-30). Daarom, die Gees het nie eers na Christus se hemelvaart sy verskyning gemaak nie. Lukas self beskryf die uitinge van Jesus voor sy hemelvaart as “deur die Heilige Gees”.

Ten spyte van hierdie Bybelse aanduiding van die noue verbintenis tussen Jesus en die Gees, is daar ’n konstante beweging om die twee van mekaar te skei. Maar, dis alleen “deur Christus” wat ons die werk van die Heilige Gees verstaan en die werking van die Gees in ons lewens kan onderskei. Hierdie skeiding van Christus en Gees sien ons meestal in die nadenke oor die Gees se betrokkenheid by die “gawes” en die “vrug” wat die Gees skenk aan getroue volgelinge van Christus. Hierdie twee “skenkings” van die Gees is baie belangrik, maar kan alleen vrugbaar begryp word deur dit ook te koppel aan die lewe en verhaal van Jesus Christus – die wonderlike werk van Christus in gehoorsaamheid aan sy Vader en sy werk tot uitbreiding van die “koninkryk van God”. Wat dit betref is dit daarom moontlik om die Gees nie as ’n krag nie, maar as ’n persoon te verstaan – deur Jesus Christus. Paulus toon hierdie verbintenis/konneksie tussen die Gees en Christus aan wanneer hy vir die kerk in Korinte skryf (2 Korintiërs 3:17-18): “Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid. En ons almal, terwyl ons met ontsluitende gesig die heerlijkheid van die Here aanskou, soos in ’n spieël, word ons na dieselfde beeld verander, van heerlijkheid tot heerlijkheid, soos afkomstig van die Here, die Gees.” Die verhaal van Jesus maak hierdie abstrakte kategorie van “transformasie” deur die Gees ’n werklikheid wanneer ons sy menigvuldige werke sien: heling, bevryding, morele transformasie, ens.

Hierdie wedersydse betrokkenheid van die Gees en Christus word sterk belig in die werk van Johannes Calvyn, die groot Hervormer.

...the Holy Spirit is the one that Christ himself confers upon his people. Christ, however, by regenerating us, gives life to the law, and shows himself to be the fountain of life, as all vital functions proceed from man’s soul. Christ, then, is to all (so to speak) the universal soul, not in respect of essence, but the respect of grace. Or, if you prefer it, Christ is the Spirit, because he quickens us by the life-giving influence of his Spirit.<sup>1</sup>

Die uitdrukking, “Gees van Christus” is ook geopper deur die kerkvader Irenaeus, in dié sin dat hy die Seun en die Gees as die twee hande van God

---

<sup>1</sup> John Calvin. *Commentary on Corinthians - Volume 2* (Grand Rapids, MI: Classics Ethereal Library, 1509a), p.159.

beskryf het. Hy het argumenteer dat God beide hande gebruik het om die wêreld te skep. Van de Beek noem dat Irenaeus se weergawe naby is aan dié van die Evangelie van Johannes, toe Jesus die volgende oor die Heilige Gees gesê het. "Maar wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die volle waarheid lei, want Hy sal nie uit Homself praat nie, maar Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die toekomstige dinge aan julle bekend maak ... omdat Hy dit wat Hy van My ontvang, aan julle bekend sal maak. Alles wat die Vader het, is ook myne. Daarom het ek gesê: Wat Hy van my ontvang, sal Hy ook aan julle bekend maak." (Johannes 16:14-15)<sup>2</sup>. Volgens Van de Beek: "The Spirit makes people participate in the work of Christ. Not only John speaks about the Spirit in that way, but also all of the New Testament authors".<sup>3</sup> Dit is Hans Küng wat gesê het dat die kerk "die Gees van God en Christus is".<sup>4</sup>

### **Die "Gees van Christus": Deurlopend teenwoordig in aardse verhale.**

Daarom, nou dat ons helderheid daaroor het dat die Gees niemand anders as die Gees van Christus is nie, kan ons bevestig dat Christus, selfs na sy Hemelvaart, steeds aktief betrokke is in die wêreld en in ons lewens. Meer nog, die verhaal van Jesus in die Evangelies kan help om ons oë te open vir die soort dae wat Christus steeds, deur sy Gees aan die doen is. Hier gaan dit om sy werke in talle lewens. Behalwe vir die woorde van Jesus, en Lukas se onderskeiding daarvan, is die teenwoordigheid van Jesus, deur sy Gees, ook bevestig in die woorde van die "twee mans" tydens die hemelvaart, wanneer hulle die dissipels verseker dat Jesus steeds by hulle teenwoordig sal wees, deur die Gees.

Wanneer ons as Jesus se volgelingen vandag nog die hemelvaart herdenk, is dit belangrik om onself oop te stel vir die werking van die Gees van die Here. Dit beteken onder andere dat ons ons tot die Here sal verbind, ons by die heerskappy van Christus oor alle imperiale magte (mag wat misbruik word en die welwese van mense bedreig) sal skaar en ons daaraan sal onderwerp. Dit beteken verseker nie net die manifestasie van die gawes van die Gees in belang van die liggaam van Christus nie. Dié wat kies om hulle te verbind aan die "Gees van die Here" moet ook daadwerklik omgee vir dié wat genoem word "die armes, die gebroekenes, die gevangenes, die blindes en die wat verwond is" – want dit is presies ook waartoe die Gees van

---

<sup>2</sup> Van de Beek, 2013, *The spirit of the body of Christ: The Holy Spirit's indwelling in the church*, 252-256.

<sup>3</sup> Van de Beek, 2013, *The spirit of the body of Christ: The Holy Spirit's indwelling in the church* 252-256.

<sup>4</sup> Hans Küng, *The Church* (Image Books, 1976), p. 229.

Christus ons roep – 'n opdrag vir die eerste eeu, maar ook vir ons eie gemeenskappe.

### **Samevatting**

Dit is makliker om die werk van die Gees in ons eie lewe raak te sien as ons daarvoor nadink vanuit die verhaal van Jesus, sy woorde, sy daede, en sy gesindheid. Op hierdie wyse kan ons die werk van die Gees duideliker onderskei; dit help dat ons dit nie misverstaan of selfs misbruik nie. Dit is deur die verhaal van Jesus dat ons herinner word aan die Gees se liefde en omgee vir (omhelsing van) die skepping

### **Gebed**

- Bid vir 'n dieper verstaan en beleving van die teenwoordigheid van die Gees van Christus
- Bid vir die onderskeiding van die werk van God (deur die Gees) in ons gemeenskappe.
- Bid dat Christene hulle in die wêreld tot die Gees van Christus sal verbind en hulle deur die Gees sal laat lei.

## **2.**

### **Hoekom is die Gees gestuur?**

#### **Johannes 14: 15-17**

*Eugene Fortein*

Pinkstertyd is gewoonlik 'n wonderlike tyd in die kerklike jaar. Na die Paasgebeure kom daar 'n hernude vuur en dit is asof die kerk 'n herlewing beleef. Pinkstersondag word met reg die Pinksterfees genoem, want dan vier die kerk haar geboortedag. Met die uitstorting van Heilige Gees op Pinkstersondag het Jesus se belofte dat Hy sy kerk nie alleen, as wees, sal agterlaat nie, vervul. Tog gebeur daar dikwels dinge in die lewe van die kerk en gelowiges wat hierdie vuur 'n bietjie demp en maak dat ons sommer gou weer afkoel. Dit is juis in sulke tye wanneer die vervulling van Jesus se belofte van die teenwoordigheid van die Heilige Gees in ons lewe dikwels onvervuld voel. Ons vra dan dikwels die waarom-vrae, die hoekom-vrae.

Geestelike leiers was die afgelope jaar geweldig met die waarom-vrae van lidmate gekonfronteer, selfs ook met die waarom-vrae in hulle eie binneste.

Die Covid-19 pandemie het tot op hede wêreldwyd groot verwoesting gesaai en miljoene mense se lewens geëis. Van ons geliefdes en kennisse was ook deur die virus van ons weggeneem. Die nodige Covid-regulasies tydens begrafnisdienste het ook bygedra dat ons nie behoorlik van ons geliefdes kon afskeid neem nie. Jy voel geruk as jy hoor hoeveel mense daaglik wêreldwyd en ook plaaslik aan die virus omgekrom het. Jy voel benoud wanneer jy in die media verneem hoeveel mense op suurstof in hospitale lê en veg vir hulle lewe. Natuurlik was daar ook ander verreikende gevolge wat die pandemie meegebring het, soos grootskaalse werksverlies, onsekerheid oor die skooljaar, die verskerping van armoede, ens. Die pandemie het die stand van armoede in ons land net weer kom ontbloot. Tonele van hoe honger ouers en kinders op straat vir weldoeners wag wat 'n kospakkie moet kom afgee, het bykans 'n algemene verskynsel geword. Vir baie was hierdie afgelope jaar bloot net 'n stryd om oorlewing.

Dis te midde van hierdie konteks van dood, afskeid, onsekerheid en armoede waar die kerk vanjaar weer die Pinksterfees sal vier. Dis ook binne hierdie konteks van Jesus se eie naderende dood waar Hy sy naaste vriende vir sy afskeid voorberei. Dit was ook onsekere tye vir die dissipels, want hulle verstaan nie wat Jesus vir hulle probeer tuisbring nie. Jesus weet wat op Hom wag, Hy weet dat sy lydensweg op hande is. Hy weet dat met sy kruisiging sy dissipels verward en alleen gaan voel en dat selfs van hulle Hom, uit vrees vir hulle lewe en oorlewing, sal ontken/verloën. Jesus weet dat sy dood die dissipels se totale bestaan in chaos gaan dompel; daarom stel Hy sy dissipels gerus: "Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid". Met hierdie belofte het die dissipels die versekering dat te midde van hulle felste uitdaging nog, hulle nie weeskinders is nie. Dat hulle Iemand by hulle sal hê. Jesus noem dat die Voorspraak, of in die Grieks *die Parakletos* (v. 16) in sy plek sal kom.

*Parakletos* verwys gewoonlik na 'n helper, iemand wat geroep word om langs jou te kom staan. *Parakletos* kan ook na 'n trooster (*comforter*) verwys. Hoe troostend sal die dissipels nie later hierdie belofte van Jesus vind nie, veral wanneer hulle met sy dood en afskeid gekonfronteer sal word. Hoe troostend sou hierdie woorde nie later met Jesus se hemelvaart vir hulle wees wanneer hulle Hom sien opvaar nie, wetende dat hulle die belofte van 'n Helper, 'n Trooster ontvang het. Hulle het die belofte dat hulle vir ewig Iemand sal hê wat langs hulle sal staan. Wat 'n wonderlike versekering is dit ook nie vir ons in hierdie uitdagende tye nie.

Johannes Calvyn beskryf die werk van die Heilige Gees op verskeie maniere; tog is daar twee wat uitstaan. Calvyn beskryf die Heilige Gees as *fons vitae*,



die fontein van lewe. Hy noem dat die doel van die skepping is om God se oneindige almag aan die mensdom ten toon te stel en om die mensdom in verhouding met Hom te bring sodat sy lewe gewende krag openbaar kan word. Die skepping is die eerste plek waar die Gees besig is om die gawe van die lewe in elke mens te kweek en te bewerk. Binne die konteks van siekte, dood en afskeid het ons steeds die belofte van die *fons vitae*, die Fontein van lewe wat ons troos en in alle omstandighede in ons borrel. As gelowiges weet ons dat ons lewe tot anderkant die graf strek, dat die ewige lewe slegs moontlik gemaak word deur die verlossing in en deur Jesus Christus. Dit is juis die Gees wat lewe gee en wat ons van hierdie verlossing bewus maak en wat die ewige lewe moontlik maak. Dit was die Gees wat Maria geïnspireer het om die Verlosser in die lewe te bring. Meer nog: dit was die krag van die Heilige Gees wat Christus uit die dood opgewek het. Die Gees is dus lewe gewend en die bron van die ewige lewe. Dit kan geen pandemie of aardse bedreiging ongedaan maak nie.

Calvyn verwys ook na die Gees as ons band met Christus. Behalwe dat die Heilige Gees die Fontein van die lewe is, is die Gees die band waarmee Christus ons onlosmaaklik met Hom verenig. Die Heilige Gees lei ons van Adam tot Christus. Deur die Heilige Gees staan ons nooit alleen nie, hoef ons nooit te wonder waar ons hulp vandaan gaan kom nie, hoef ons nooit te wonder waar ons troos vandaan gaan kom nie. Ons is aan Jesus gebind. Ons het deel aan sy lyding en sy opstanding. Dit waarborg die sakramente ons telkens wanneer ons daaraan deelneem.

In ons huidige konteks smag ons telkens na troos, troos te midde van hartseer. In ons huidige konteks van sosiale distansie, smag ons telkens na die nabyheid en teenwoordigheid van 'n vriend of geliefde. In ons huidige konteks van siekte en dood, smag ons dikwels na lewe. Jesus het geweet dat sy dissipels en ons daarna gaan smag. Daarom gee Hy die belofte van die Heilige Gees om by ons te wees wanneer Hy na die Vader terug sal keer. Ons is nooit alleen nie, nie in hierdie lewe nie, ook nie in die lewe hierna nie. Ons het die Trooster altyddeur by ons, om ons by te staan, om ons die lewe te gee.

Die pandemie, korrupsie, stygende lewenskostes, werkloosheid en negatiewe ekonomiese vooruitsigte kan baie onsekerhede oor die toekoms meebring. Tog gee ons Hemelse Vader ons alles wat ons nodig het, ook die versekering van die nabyheid die Heilige Gees. Watter troosvolle belofte is dit nie wanneer jy by 'n oop graf of siekbed van 'n geliefde moet staan nie, dat die Gees ons juis in daardie tye bystaan. Al gaan die kerk weer vanjaar te midde van groot eksistensiële vraagstukke die koms van die Heilige Gees

vier, bly die werk wat die Heilige Gees in ons lewe doen genoeg rede om vanjaar, dalk meer as ooit, die Pinksterfees te vier.

Amen.

### **Gebed**

- Bid vir almal wat deur die pandemie geraak is;
- Danksegging vir die gawe van die Heilige Gees;
- Bid dat die heilige Gees se troos almal mag bereik wat daarna verlang.

## **3.**

# **Die Gees help ons om te glo**

## ***Drie gebeurtenisse wat die wêreld, en ons, verander***

**Lukas 24:13-53**

Andries Hoffman

Lank gelede was daar 'n dokter met die naam Lukas wat rondgereis het om mense se verhale neer te skryf. Die verhale wat hy bymekaar gemaak het, was die getuïenisse van ooggetuïes aangaande een persoon, Jesus van Nasaret. Die dokter het al die verhale wat hy gehoor het aanmekaar gelas sodat dit een verhaal geword het. Hierdie verhaal begin al voor die geboorte van hierdie Jesus en bou dan op na drie geweldige gebeurtenisse wat nog nooit voorheen gebeur het nie en nooit weer sal gebeur nie en ook nie weer HOEF te gebeur nie. Dit is drie gebeurtenisse wat die enkeling se lewe verander, maar ook die hele wêreld. Om die waarheid te sê, die skrywer moes toe 'n opvolgverhaal skryf om te wys hoe die wêreld aan die verander is.

Van die getuïes vertel dat hulle die boek met die eerste verhaal eers wou toemaak en wegsit na die eerste geweldige gebeurtenis: Hulleself het van ver af gestaan en kyk hoe Jesus aan die houtkruis vasgespyker is en in die son gehang het tot Hy uitgeroep het: "Ek het dors", en toe sy laaste asem uitgeblaas het. Maar toe kom die tweede ongelooflike gebeurtenis, wat die boek weer oopgeruk het en laat voortgaan het in die tweede boek.

Lukas het die getuïenis van een van hierdie getuïes, Kleopas, neergeskryf. Kleopas vertel hoedat hy en sy vrou op pad was vanaf Jerusalem na hulle huis in Emmaus, net nadat Jesus aan die houtkruis gesterf het. Hulle was baie ontsteld en teleurgesteld. Hulle het gedag dat hierdie Jesus vir hulle

volk uitkoms sou bring uit al hulle swaarkry. Van lank gelede af het God belowe dat Hy eendag die gesalfde sal stuur om hulle vir ewig vry te maak en almal en alles wat stukkend is heel te maak. Gesalfde beteken om toegerus te word deur niks minder nie as die Gees van God. Al die tekens was daar dat Jesus daardie gestuurde was. Dit is tog net iemand wat met die Gees van God gesalf is wat met soveel krag en wysheid kon leer, mense kon genees, blindes laat sien, 'n storm op die see kon stilmaak, selfs vir 'n weduwee haar seun kon lewend maak en vir 'n pa sy dogtertjie.

Skielik het daar 'n vreemdeling saam met Kleopas en sy vrou gestap, wat eers gemaak het asof hy niks weet van die vreeslike ding wat die vorige paar dae gebeur het nie. Maar nadat hulle hom vertel het, was dit hy wat met hulle geraas het omdat hulle so kleingelowig was. Sommer so in die loop het hy die Bybel vir hulle uitgelê dat hulle harte warm geraak het. Hy het vir hulle gewys dat dit van die begin af God se plan was dat sy gesalfde gekruisig moes word – en dan uit die dood opstaan!

Hierdie opstanding is die tweede geweldige gebeurtenis in Lukas se verhaal. Kleopas vertel dat 'n klompie verskrikte vroue hulle reeds vroeër vertel het dat die graf leeg was en dat daar engele was wat gesê het Hy leef. Hulle het dit egter as onsin afgemaak. Die eerste gebeurtenis, die kruisiging, kon hulle maklik glo – hulle het dit dan met hulle eie oë gesien. Maar dat iemand uit die dood kan opstaan!

Kleopas sê dit was eers toe hulle saam met die vreemdeling by hulle huis geëet het en Hy die brood breek soos voor sy kruisiging, dat hulle ontdek het dit is niemand anders nie as die opgestane Here self, wat hulle ontsteltenis en bedruktheid kom vervang het met geloof en blydschap. Daar en dan het hulle teruggehaas na die ander dissipels in Jerusalem, waar verskillende getuies vertel het hoe die opgestane Here ook aan hulle verskyn het. Nog steeds, selfs toe Jesus skielik self tussen hulle gestaan het, het hulle eerder gedink dit is 'n spook as om die goeie nuus van sy opstanding te glo. Eers toe Hy iets geëet het en hulle aan hom kon vat, kon hulle werklik glo.

Net daar, sê Lukas, hier aan die einde van die eerste verhaal, het sy tweede verhaal reeds begin. Hulle wat verwag het God se Gesalfde gaan hulle vyande in die see jaag en as die Jode se koning die troon in Jerusalem oorneem, moes deur die opgestane Jesus self herinner word dat God se plan anders was. Soos Hy lank gelede belowe het, was en is sy plan om deur Abraham se nageslag al die nasies van die aarde te seën. Daarvoor was hierdie twee geweldige gebeurtenisse nodig, naamlik Jesus se sterwe en opstanding. Daarvoor was 'n tweede verhaal ook nodig! "Julle is nou

getuies van al hierdie dinge” het Jesus vir hulle gesê. Jesus het sy verlossingswerk klaargemaak. Nou moes hulle hierdie gebeure aan al die nasies verkondig en hulle oproep om hulle te bekeer sodat hulle vergifnis van hulle sondes kan ontvang. Daarvoor gaan Lukas se tweede verhaal, die boek Handeling. Daarvoor moes hulle vrees en ontsteltenis egter eers vervang word met geloof.

Maar Lukas, vra ons, wat het jou, 'n geleerde Griek, laat afsien van al jou afgode en slim filosofieë om in Jesus van Nasaret te glo en Hom te volg? Lukas vertel dat hy eers later ingetrek is in hierdie tweede verhaal toe hy 'n man met die naam Paulus ontmoet het. Hy het saam met Paulus van land na land begin reis om hierdie Goeie Nuus van die kruis, Jesus se opstanding en vergifnis van sondes in sy Naam te verkondig. Hierdie Paulus was eers 'n vervolger van Jesus se volgelinge.

Ons moet eerder vra wat het Paulus verander van 'n vervolger in iemand wat bereid was om enigiets te verduur ter wille van sy Naam. En wat het nog voor Paulus vir die apostel Petrus verander van iemand wat uit vrees vir 'n diensmeisie Jesus verloën het, in iemand wat vreesloos 'n skare mense opgeroep het om hulle tot Hom te bekeer?

Die antwoord: Die derde groot gebeurtenis. Die uitstorting van die Heilige Gees het hierdie omkeer gebring, toe dieselfde Gees wat soos 'n duif op Jesus neergedaal het, uitgestort is op sy dissipels. Dit is deur sy Gees dat Jesus ons ontsteltenis en ongeloof wegneem, soos daar op die pad na Emmaus; dit is deur sy Gees dat Hy ons voorkeer en omkeer soos vir Paulus op die Damaskuspad; dit is deur sy Gees dat Hy sy werk in en deur ons voortsit soos in en deur Petrus.

Of jy nou Kleopas is, of Paulus, of Petrus – hierdie derde gebeurtenis is ook in jou lewe aan die gebeur. Terwyl jy na hierdie verhaal luister wil die Heilige Gees ook in jou die geloof werk, ook in en deur jou hierdie Jesus se verlossingswerk voortsit. Vir sommige van ons vra die opgestane Jesus, net soos vir Paulus: Hoekom skop jy so hardkoppig teen die prikkels!

En so het die verhaal, of eerder die verlossingswerk, van hulle Here Jesus voortgegaan, maar nou in en deur die gelowiges.

## **Gebed**

- Bid dat die Heilige Gees ook ons oë sal oopmaak vir God se teenwoordigheid in ons lewe.
- Bid dat die Heilige Gees die kerk – ons almal – sal begelei om die Goeie Nuus te gaan vertel, oral en altyd, sonder huiwering.

- Bid dat die Gees mense (ook spesifieke mense) wat nog nie glo nie, se oë sal oopmaak.

## 4.

# Die Heilige Gees sal ons in die hele waarheid lei

## Johannes 16:12-15

Lyzette Hoffman

### Inleiding

Die lewe stel baie eise aan ons. Ons moet elke dag keuses maak – makliker en moeiliker keuses. Sommige keuses kan dalk maak dat ek meer of minder gewig verloor, op die kort termyn meer of minder geld het. Ander keuses het ook langtermyngevolge. Dit sou baie help indien daar iemand was wat ons leiding kon gee. Iemand wat weet, iemand wat die beste vir ons wil hê.

Die Here Jesus maak 'n besondere belofte aan sy dissipels en ook aan ons in Johannes 16:12-15. Die Gees van die Waarheid sal julle in die hele waarheid lei.

Die Heilige Gees wil en kan ons lei, elke dag tot by die Groot Eendag!

Die Heilige Gees het op 'n besondere manier in die eerste dissipels se lewens gewerk, maar werk ook vandag nog in ons lewens.

### Die Heilige Gees en die eerste dissipels

Die dissipels het vroeër in die Johannes-evangelie die nuus gekry dat Jesus weggaan. Dit het hulle so ontstel dat Jesus, hulle nie verder kon leer nie. Ons lees hulle was te "bedroef". Hulle sal dit wat Hy hulle nog wil leer nie kan "dra" nie. 'n Besondere hoofstuk in hulle lewe gaan binnekort toegemaak word en wat dan? Die dissipels kon maklik voel soos weeskinders wat aan hul eie lot oorgelaat word met Jesus se nuus dat Hy weggaan. Maar Jesus se besondere boodskap is dat sy weggaan juis vir die dissipels iets goeds inhou – meer kennis, meer insig, meer van Hom. Want, Jesus gaan die Gees van die Waarheid stuur.

Jesus se dissipels was doodgewone mense sonder geleerdheid. Vir drie jaar het hulle saam met Hom geleef. Ons sien in die Evangelies dat hulle Hom

baie keer nie verstaan het nie. Veral die pad van lyding wat vir Hom voorgelê het, het hulle nie verstaan nie. Saam met die meeste ander Jode van daardie tyd het hulle 'n Koninklike Messias verwag. Nie iemand wat bespot en geslaan word en die skandalige dood van die kruis sterf nie. Die lewensbelangrike boodskap van verlossing deur Jesus, die Paaslam, moes hulle algaande leer. Die implikasies van Jesus se sterwe, opstanding en opdrag aan hulle moes hulle stuk-vir-stuk verwerk. Daar is nog so baie wat hulle moes leer. Juis hier kom die Gees van die Waarheid in.

Jesus het belowe dat die Gees hulle in die hele waarheid sal lei. Hierdie doodgewone mense besef deur die Gees wat in hulle werk wat Jesus se kruisdood vir hulle beteken. Hulle leer van God se plan wat al in die Ou Testament vertel word. Van hierdie dissipels skryf die boeke en briewe wat ons vandag in die Nuwe Testament lees. Die Heilige Gees lei hulle in die hele waarheid – help hulle om Jesus se woorde en daede te onthou en veral wat dit beteken. Jesus is immers die weg, die waarheid en die lewe. Johannes 16:13,14: “wat Hy sal sê sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor... Hy sal My verheerlik, wat Hy van my ontvang, sal Hy aan julle verkondig.”

Die dissipels het die wonderwerke gesien wat Jesus in mense se lewens gedoen het. Deurdat Jesus die Gees van die Waarheid vir die dissipels gestuur het, het Hy 'n nog groter wonderwerk in hulle lewe laat gebeur; Hulle het die boeke en briewe van die Nuwe Testament geskryf wat ontelbare mense se lewens verander het. Hulle het die waarheid leer ken oor Jesus, hulleself en die wêreld. Hierdie waarheid het hulle vir altyd verander.

### **Die Heilige Gees in my lewe**

Die belofte van die Here Jesus was nie net vir die eerste dissipels nie, maar ook vir ons: Die Heilige Gees sal julle in die hele waarheid lei. Dit klink sulke mooi woorde om te sê “die Gees sal jou lei”. Maar hoe lei die Gees jou? Dit is 'n belangrike werkwoord – “lei”. Die Gees wil ons nie in 'n rigting forseer nie. Die Gees wil ons lei, wil 'n pad met ons stap om die waarheid raak te sien. Een van die maniere wat die Gees my lei is deur die Bybel. God se Woord is die plek waar ek eerstens die Gees se leiding moet soek. Spandeer tyd in die Here se Woord. Lees biddend en luister vir die Heilige Gees se stem. Die Gees wil my lei in die waarheid, maar my ook lief maak vir die waarheid – sodat ek dit graag wil doen. Sodat die waarheid vir my al hoe belangriker word en ek al hoe meer deur die waarheid verander word.

Om 'n kind van die Here te wees, is om op 'n avontuur saam met die Heilige Gees te gaan; Hy wil my lei op die paaie van die waarheid sodat ek God,

myself en die wêreld beter kan leer ken. Ek, gewone mens, op 'n reis deur die lewe saam met die ewige Gees van God – wat 'n avontuur!

Hoe onderskei ek die leiding van die Heilige Gees? Die eerste teken van die Gees se werking, is dat die Gees my help om Jesus beter te verstaan (kop), liever te hê (hart) en met groter oorgawe te volg (hand). Die Gees lei my in die waarheid oor Jesus. Daar is so baie om oor Jesus te leer en al meer van Hom te waardeer. Wat beteken Jesus se woorde in die Bybel? Die Gees laat my besef hoe besonder Jesus is; mens en God. Die uniekheid van Jesus; dit wat gebeur het met sy dood en opstanding, die verlossing, die oorwinning. Die Gees wil my lei om al hoe skerper die teenwoordigheid van Jesus in my eie lewe raak te sien.

Die tweede aanduiding dat die Heilige Gees in my werk, is dat die Gees my help om my gedagtes, woorde en dade in God se lig te interpreteer. Die Gees lei my in die waarheid oor myself. Wat is die waarheid oor my begeertes en ideale? Wat is die waarheid oor my reaksie op mense, my opinie oor mense? Soms is dit ongemaklike dinge wat ons by die Gees hoor. Ons moet dit egter hoor, sodat ons al hoe meer kan word wat die Here wil hê ons moet wees.

Die derde aanduiding dat die Heilige Gees in my werk, is dat ek die wêreld sien soos dit regtig is. Die Gees lei my in die waarheid oor die wêreld. Fliëks, *Facebook*, en die media wil my graag vertel wie en wat die wêreld is en waaroor die lewe gaan. Die Heilige Gees wil my egter in die waarheid oor die wêreld lei. Wat is die standaard van die wêreld? Wat wil die wêreld met my bereik? Waaroor behoort die lewe te gaan? Wat is reg in 'n samelewing, en wat nie?

## **Slot**

Die Gees wil my lei om die waarheid raak te sien, lief te hê en daaruit te leef. Die Gees wil my lei deur die Woord, maar ook deur my medegelowiges. Luister vir die stem van die Gees in die bemoediging en raad van gelowige vriende. Soek saam met mense in jou Bybelstudiegroep na antwoorde oor die vrae wat jou pla.

Ons het aan die begin gesê dit sou wonderlik wees indien daar iemand was wat ons kon leiding gee, veral in groot besluite. Iemand wat weet, iemand wat die beste vir ons wil hê. Die Heilige Gees wil vir jou en my lei om die waarheid oor die lewe te ontdek. Hy wil net die beste vir ons hê. Wanneer ons die Gees se stem soek en daarna luister gaan dit ons help om die groot

keuses reg te maak. Wanneer ons die groot keuses onder sy leiding maak, word dit makliker om ook in kleiner keuses die Gees se leiding te vra.

Die Heilige Gees het gewone, feilbare mense, Jesus se dissipels, so gelei en verander dat hulle nalatenskap vandag nog sigbaar is oor die hele wêreld. Hierdie Gees van die Waarheid wil ook vir ons, gewone, feilbare mense, lei na die lewe wat God vir ons bedoel het tot daardie groot eendag wanneer ons saam voor sy troon sal staan. Kom ons luister na sy stem!

### **Gebed**

Heilige Gees, lei ons vandag. Ons het nog so baie om te leer oor Jesus en ons volle verlossing, oor God se Vaderskap, oor U, o Gees van Waarheid. Ons raak so bewus van dinge wat nie reg loop in ons wêreld nie, maar ons het ook nie altyd raad nie. Lei ons in die waarheid oor God, onself en die wêreld. Maak ons lief vir die waarheid en gee ons krag om te leef in u waarheid tot ons eendag voor die troon U in waarheid kan aanbid. Amen.

## **5.**

# **Die Gees troos en heel**

## **Jesaja 11:2**

Juanita Meyer

Jesaja 11:2: "Die gees van die Here sal op hom rus – die gees van wysheid en insig, die gees van raad en sterkte, die gees van kennis en ontsag vir die Here"

Hoofstuk 11 van die boek Jesaja teken 'n prentjie van 'n perfekte wêreld nadat die Here se Gees op die "uitverkore een" neergedaal het. Hierdie prentjie word geteken teen die agtergrond van hoofstuk 10 wat eindig met die vernietiging van alle onreg en menslike trots. Die volk van God moes egter weet dat iets goed aan die kom was. Daarom begin hoofstuk 11:1 met hierdie ligstraal van hoop: "Maar 'n takkie sal spruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra".

Jesaja sien hier vooruit dat Christus sou kom. Daarmee vertel hy hoe dié Christus bemagtig sal word om die Verlosser te wees, die ware Koning wat die wêreld op daardie stadium nodig gehad het. Hulle wêreld, nes ons wêreld vandag, was ook geknel deur gebrokenheid, hebsug, trots en vernietiging.



Wat die wêreld destyds – na vele gesalfde konings wat net lyding vir mense veroorsaak het – nodig gehad het, was nie nog 'n feilbare mens-koning gevul met menslike trots nie, maar eerder 'n raadgever, 'n begeleier, 'n verlosser. Jesus, die loot uit die stam van Jesse (Isai), sou dié soort verlosser wees.

Die teks teken 'n prentjie van God wat regverdig en genadig is. Hy kondig deur die profeet Jesaja die koms van die Verlosser aan, asook die koms van die Gees; die gawe waarmee die Verlosser bemagtig sou word. Intussen word die mense toe, en ons vandag, deur vers 2 verseker dat God sy Heilige Gees stuur om by ons te wees, om binne ons te woon en ons raadgever te wees. Dit is presies wat Jesus beloof en gedoen het voor sy Hemelvaart.

Jesaja verduidelik wat die Gees vir ons skenk en wat dit vir ons is.

### **Die Gees van Wysheid**

Die Gees rus ons toe om wyse besluite te neem of keuses te maak, sodat die uitkoms daarvan vir ons volgens God se wil kan wees. God kan nie en wil nie ons keuses vir ons maak nie, maar ons kan ons daaraan troos dat God ons met wysheid toerus sodat ons in ons besluite sy wil soek. Hy belyn (om in ooreenstemming te bring) ons vrye wil met sy Gees. Ons verpligting is nou om besluite te neem gebaseer op die wysheid wat Hy ons gee, en God te vertrou dat Hy alles vir ons ten goede sal laat uitwerk.

Hoor Romeine 8:28: "Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir hulle wat Hom liefhet, vir hulle wat volgens sy voorneme geroep is"

### **Om te kan verstaan**

Om te kan verstaan verskil van wysheid daarin dat die Gees ons die vermoë gee om te kan onderskei – oordeelsvermoë. Om 'n wyse besluit te kan neem, het ons die vermoë nodig om te onderskei wat die verskil is tussen goed en kwaad. Wanneer die Gees in ons woon, kan ons troos vind daarin dat God ons sal help om tussen goed en kwaad te onderskei en op God se geestelike pad te bly wandel.

### **Die Gees van raadgewing/begeleiding**

Dit is wonderlik dat ons as Geesvervulde mense God se Gees ontvang het om ons van raad te bedien. Die "stem" van die Gees "praat" met ons, en begelei ons met die gawes wat God skenk – deur aan ons wysheid te gee, ons te help om dinge te onderskei en dan vrede in ons hart te gee wanneer ons 'n besluit geneem het. Wanneer ons 'n besluit geneem of 'n keuse gemaak het, gee die Gees ook vir ons die moed om op hierdie gekose pad voort te gaan. Dit bring ons by die vierde gawe.

## **Mag/bemagtiging**

Die Gees "infiltreer"/deurdrenk ons met die krag van God. Hy gee ons energie, moed, versterk ons harte en gee ons 'n helder doel. Dit is hierdie gawe wat ons die meeste nodig het wanneer ons struikelblokke teëkom op ons geestelike reis, wanneer ons gedreineer en moeg is, juis wanneer ons nodig het om voluit en sonder vrees met ons take aan te gaan. God self skenk ons die nodige sterkte en krag. As erfgename van sy koninkryk het ons toegang tot hierdie gawes.

## **Kennis**

Die Gees skenk ons ook die kennis van God. Deur Jesus Christus, leer ons dat God goed is, dat God regverdig en genadig is. Hierdie kennis word die voedingsbron of stoorkamer waaruit ons krag kan put om ons liggaam te kan voed met wysheid en onderskeidingsvermoë. Ons wéét, ons voel (ervaar), en dan handel ons.

## **Die vrees van die Here**

Ten slotte, al hierdie gawes kulmineer in die allesomvattende ingesteldheid van aanbidding en toewyding. Om op die pad van geestelike groei te bly, moet ons die Bron van hierdie gawes ken; die Koning van sy koninkryk, die Almagtige God. Die Gees skep in ons 'n diepe drang om God se hart te verbly, aan Hom lojaal en toegewyd te bly, en om te erken dat ons sonder God niks is nie!

Liewe vriende in Christus, in Jesaja sien ons hoe God die chaos kan herstel. Die belofte wat die Gees inhou is dat die Gees ons heelmaak, troos en herstel. Die Gees word aan ons geskenk; onvoorwaardelik en onbeperk, om ons te versterk, ons te lei en te troos in ons nood.

God bemagtig ons met sy Gees, sodat ons ook mekaar kan troos, lei en bemagtig. God wys ons dat die Gees nie net omgee vir die individu nie, maar vir die hele gemeenskap. Ons is geskep sodat ons in gemeenskap met ander kan leef. Daarom moet ons die gawes wat die Gees ons skenk, ook vir die beswil van die hele gemeenskap aanwend.

## **Johannes 20:21-22**

Vers 21: "Jesus sê toe weer vir hulle: 'Vrede vir julle! Soos die Vader my gestuur het, stuur ek julle ook' Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: 'Ontvang die Heilige Gees'."

Voordat Jesus van hierdie wêreld af vertrek het, het Hy sy Gees aan sy dissipels gegee. As sy dissipels ontvang ons die Gees met die opdrag: "Gaan

die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.”  
(Markus 16:15).

**Gebed:**

God ons Vader, Jesus ons Verlosser en die Gees wat bemagtig  
Ons staan in u teenwoordigheid, naak, maar nie beskaamd nie  
Broos, tog ook bemagtig  
Want in U, deur U en met U vind ons sterkte, vind ons onself en wie ons  
is.  
Danksy U, wat die Bron van ons sterkte is,  
Die Bron wat troos,  
Die Bron wat eenheid skep.

Deur u beeld word ons bemagtig en getroos.  
Nederig pleit ons by U,  
Herinner ons daaglik aan wie ons is, waar ons vandaan kom en waarheen  
ons op pad is.

Help ons om mekaar te herinner dat ons net saam u koninkryk kan bou;  
alleen is ons nie veel werd nie.

Ons glo dat die Bybel die Woord van God is.  
Ons glo dat God, die Vader, die Skepper is van die hemel en die aarde.  
Ons glo dat die Here Jesus Christus vir ons sonde gesterf het.  
En dat Hy opgewek is uit die dood.  
Ons het U lief.  
Ons glo dat die Heilige Gees in ons woon en ons lewens nuut maak.  
En omdat ons dit glo, verbind ons onself om te glo, ook vir hulle sonder  
geloof.  
Om te droom vir hulle wat nie meer kan droom nie.  
Tot die dag dat hoop oorgaan in werklikheid.

Amen

**Seën:**

Kyk na jou hande en sien die sagtheid  
Kyk na jou voete en sien God se pad  
Kyk na jou hart en sien hoe die vuur van liefde brand  
Kyk na die kruis en sien God se Seun, die Verlosser  
Dit alles behoort aan God  
Dit is God se wêreld  
En in hierdie wêreld sal ons Hom loof  
Mag God die Skepper jou seën

Mag God die Seun met jou wandel  
Mag God die Gees jou in liefde raadgee.  
Amen.

## 6.

# Die Gees bou, bemagtig en lei die kerk

## *Paulus se Pinkstergebed vir die kerk*

### **Efesiërs 1:15-23**

Kobus Schoeman

#### **Inleiding**

Die grendeltyd waarin ons leef stel unieke uitdagings aan elkeen van ons. Sosiale afstand en die lewe voor 'n rekenaar of TV-skerm bring verwydering tussen mense. My kontak met mense word beperk tot selfoonboodskappe en ek is bang om te naby aan mense te kom. My lewe word ingeperk en dit kan tot spanning en vereensaming lei. Ons het fisiese en emosionele kontak met mekaar nodig. Ons het ook nodig om deel van 'n netwerk te wees, dit wat ons die kerk of gemeenskap van gelowiges noem.

Gelowiges vorm saam 'n gemeente en hoe hulle lewe en wat hulle doen word bekend en raakgesien in die gemeenskap. Mense praat daaroor: is dit hoe Christene maak en lewe? Die stories wat oor ons vertel word kan positief of negatief wees. So kan ons baie verhale vertel van wat in die moeilike jaar van 2020 gebeur het. Hoe gelowiges in die gemeenskap 'n verskil gemaak het, maar ook waar dit nie so goed gegaan het nie, waar daar pyn en seer was.

Paulus hoor van die gemeente in Efese; van hulle geloof in die Here Jesus en van hulle liefde vir die gelowiges. Hy hoor hoe hulle lewe; wat hulle doen het rugbaar geword. Paulus het 'n goeie getuigenis van die gelowiges gehoor. Hy is dankbaar oor die positiewe berig en daarom bid hy 'n besondere gebed oor en vir die gelowiges in Efese. Paulus sê vir God dankie vir wat in Efese gebeur het. Die beginpunt van sy gebed is wat God in die gemeente doen.

#### **Die werk van die Vader, Seun en Heilige Gees (vers 15-17)**

Hy dank God die Vader oor wat Hy gedoen het. Die Vader sorg en gee om, veral deurdat Hy sy Seun Jesus Christus as die Verlosser na ons wêreld toe

gestuur het. God werk deur sy Gees in die gelowiges. Dit is die Drie-enige God wat met ons individueel, maar ook gemeenskaplik, in verhouding tree. Ons hoef nie sonder God in die wêreld te lewe nie, maar dit is nodig om op 'n bepaalde manier te kyk om te kan sien en glo. Dit gebeur nie vanself nie.

Paulus bid dat die gelowiges in Efese se oë sal oopgaan, hulle geestesoë sal oopgaan om raak te sien wat nie so voor die hand liggend is nie. Letterlik bid Paulus dat God die oë van hulle harte sal verlig. Dit wat raakgesien moet word is nie moontlik om met natuurlike kennis te verstaan nie, ek kan dit nie logies beredeneer en uitwerk nie. Om die wonder van Jesus Christus te verstaan is iets meer, 'n dieper kyk, nodig. Dit is die werk van die Heilige Gees om ons Jesus so te laat raak sien. Deur die werking van die Heilige Gees word dit moontlik om Jesus as die Heerser te kan erken en te bely.

Daarvoor moet gebed word. Paulus bid dat die gelowiges se oë so geopen sal word dat hulle Jesus werklik sal kan leer ken. Dit is waarvoor ons ook moet bid. Hierdie Pinkstertyd moet ons bid om met ander oë, met gelowige oë, te kyk. Die grendeltyd-werklikheid verdwyn nie uit ons sig nie, maar ons het óók 'n "ander" kyk nodig.

### **Die inhoud van Paulus se gebed (vers 18-21)**

Paulus bid eerstens dat die gelowiges sal weet en verstaan watter hoop Jesus se roeping inhou. Ons lewe baie keer in 'n hopelose wêreld, of so voel dit. Waar lê die sin van die lewe as dit swaar gaan? Ons soek dan hoop op verskillende plekke; van 'n entstof tot 'n beter finansiële posisie. As my omstandighede net kan verbeter, is soms die sug wat ons uiter. Paulus se gebed dui 'n ander rigting aan; ek moet raaksien watter hoop Jesus se roeping inhou. Jesus roep jou – jy het sy volgeling geword. Ons het 'n heerlike toekoms by Jesus Christus. Hy is Oorwinnaar en dit gee werklike hoop. Ons lewe nou tussen sy eerste en tweede koms. Die fokus dui 'n ander koers aan as om net binne die sigbare werklikheid vasgedraai te word.

Paulus bid tweedens dat hulle die rykdom en heerlikheid van sy erfenis sal erken en raaksien. Ons kan gou ontevrede raak as dinge nie dadelik verander nie; alles moet hier en nou reg uitwerk, ek het nie tyd om te wag nie. Die vraag is: Waar lê jou rykdom? Die gebed tot verheldering is na 'n ander rykdom, geestelike rykdom in 'n moreel arm en bankrot wêreld. Die erfenis is daarin om te deel in sy heerlikheid. Dink maar net aan die twee voorbeelde van die ewige lewe, en die vrug van Gees (liefde, vreugde, vrede, lankmoedigheid ...) wat ons ontvang.

Derdens bid Paulus dat die gelowiges sal raaksien en weet hoe geweldig groot God se krag is. Hy wek Jesus uit die dood op met 'n krag wat ons nie ken en verstaan nie. Dit is ook 'n krag wat Hy uitoefen in dié wat glo.

Hoekom moet ons dit verstaan? Ons raak moedeloos en hulpeloos. Ek gaan dit nie maak nie; ek moet maar tou op gooi. Iemand anders moet dit doen, ek is moeg en moet nou eers 'n bietjie rus. Of ek beteken nie veel nie, iemand ander is veel beter. Paulus se gebed vra dat die Gees my oë sal oopmaak en ek God se magsdaad sal raaksien, die mag waarmee Jesus opgewek is uit die dood om as oorwinnaar te heers. God is besig om in die wêreld en ook die wêreld hierna sy wil en heerskappy uit te voer. Hy doen dit ter wille van ons, sy kerk. Hy wil deur ons werk en Hy wil jou gebruik. Hy wil met dieselfde krag in jou werk as waarmee Jesus opgewek is en opgevaar het. Daarvoor moet gebed word.

### **Die belydenis van die kerk (vers 22-23)**

Paulus se gebed dat die Gees ons oë en verstand moet oopmaak, sluit met 'n belydenis af, 'n "ja" as 'n gelowige bevestiging. Hierdie slotgedeelte (v 22-23) is 'n belydenis oor Jesus Christus as die lewende Here. Jesus sit aan God se regterhand en die belydenis bevestig: Jesus is die Hoof van alles, alles is aan Hom onderwerp en Hy is bo alles aangestel (v 22). Maar die Here Jesus is ook die Hoof van die kerk. Die kerk, die gemeenskap van gelowiges, behoort aan Hom. Dit word met die beeld van die liggaam deur Paulus verduidelik. Al die verskillende dele van die liggaam is nodig om as Sy kerk te funksioneer. Die Here van die kerk is ook Here oor alles, Hoof van die kosmos.

Die Here werk deur die kerk op 'n besondere manier. Die kruispad wat die Here Jesus geloop het dui die styl vir die gelowige en die kerk aan. Die Gees van Christus werk deur die kerk sodat die wêreld kan sien en verstaan dat Hy die Here is. Die belydenis van die kerk word 'n sigbare getuienis in die wêreld.

### **Afsluiting**

Die pandemie kan ons van mekaar en God afsluit. Pinkstertyd laat ons weer fokus op die Here Jesus wat deur sy Gees in die kerk, nog steeds, werk. As Paulus, in Efesiërs, bid, dan dank hy in die eerste plek God Drie-enig (Vader, Seun en Heilige Gees) vir dit dat Hy uit genade kom doen het. Die kerk en elke gelowige bid dat God deur sy Gees ons oë vir sy hoop, erfenis en krag sal oopmaak. Ons bely Jesus as die Here van die hele wêreld en van die kerk en bid dat Hy deur sy Gees in ons sal werk. Dit is Paulus se Pinkster gebed vir die kerk.

### **Gebed**

- Bid dat die Here die kerk (ook ons eie gemeente) sal vernuwe
- Bid dat die kerk sal kan onderskei waartoe die Here ons roep
- Bid dat ons regtig gehoorsaam aan die roeping sal wees.

## 7.

# Die Gees herstel en herskep die natuur (ekologie)

## Romeine 8:21

Jan Albert van den Berg

Die kleur van donker is lig....

Romeine 8:21: "... die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom wat hoort by die heerlijkheid van die kinders van God."

Chili is deur 'n digter gemaak – Neruda

daar is meer poësie in die sneeuvlokkie  
as in die letterkunde en baie meer poësie  
in die miskruier en die toktokkie  
in die meteorologie en entomologie  
in die môremis en in die bergpiek  
die horison wat in die hemel wegraak  
in die rooswolk is daar baie meer liriek  
die aarde is deur 'n digter gemaak.

TT Cloete

Maak van my so 'n nuwe Pinksterling  
dat ek die taal waarin ek gebore is,  
my eie klank, in elke geelvink en kanarie hoor;  
by tortels en by kokkewiet se kind  
die ABC van duisend warm woorde vind.

Annette Snyman

### **Gebed:**

Skepper God en Here,  
As ons voor U buig as Onderhouer van lewe;  
ten spyte van siekte én besoedeling;  
van pyn én stroping;  
van hartseer én uitwissing;  
dan bely ons dat U by ons teenwoordig is - deur U Woord en Gees.

Praat met ons deur U Woord en in U Gees,  
sodat ons kan hoop én leef.  
In Jesus se Naam.  
Amen.

## **Oordenking**

Die gewone Jan Frederik (Cape Robin Chat) is een van die eerste voëls wat net voor sonop feitlik regoor Suid-Afrika begin roep. Sommige wetenskaplikes reken dat die rede wat bepaal watter voëls eerste in die oggend begin roep, geleë is in die vermoë om donker en lig te kan onderskei. Dié wat eerste kan onderskei dat ...

die kleur van donker lig is.

Romeine 8 vertel ook van die vermoë om donker en lig te kan onderskei. Die groter verhaal as agtergrond tot die hoofstuk van hoop in die Bybel, is die gegewe dat ons as kinders van God reeds nuut gemaak is en deel het aan 'n nuwe werklikheid. Reeds in vers 18 word die kinders van God – ek en jy – herinner dat die bestaande donker van lyding nie opweeg teen die lig van God se heerlike nuwe môre toekoms nie.

Want die kleur van donker is lig.

In die volgende verse word dié hoop met drie opeenvolgende, samevoegende sugte uitgeroep. In vers 22 is dit die skepping wat eerste sug in die pyne van verwagting: "Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting." In barensnood ontworstel die skepping in die verwagting dat in elke herfsblaar wat haar nerf af val op die grond en in elke brander wat homself te pletter loop op die strand, daar 'n nuwe seisoen en 'n nuwe gety aan die kom is.

Want die kleur van donker is lig.

In vers 24 is dit die mensekinders met harte van pyn wat baie kamers het wat ook sug; maar as Geesvervulde mense is dit 'n roep wat die môregloor reeds op die nabye rante uitwys. Die Gees bevestig dit ook as eerste gawe van dié oesdag van heerlijkheid in die Pinkstertyd. Tereg word dit waarborg wat verseker dat die nuwe dag weldra in volle helderheid sal breek. Dit is dan dié verwagting én hoop van dié nog nie, maar dié alreeds, wat my dan laat sug...

Want die kleur van donker is lig.

In vers 26 word die vorige twee sugte saam in die Gees se sug gehoor en bereik die vorige gesug 'n hoogtepunt ... "maar die Gees pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê kan word nie". Die vorige twee sugte



word in die Gees se uitsug (sien die dubbele betekenis van uitsig na 'n nuwe toekoms!) wat nie met menslike woorde gesê kan word nie, maar in 'n hemelse alfabet voor God uitgesug word. So gesug dat die hemelse gebed getoonset word in die toonaard van God se wil (vers 27).

Want die kleur van donker is lig.

Die bevestiging aan die begin van die perikoop (vers 18), maar ook aan die einde van dié gedeelte (vers 29-30) laat ons as mense egter sug as familie van God met Jesus as ons oudste broer en ons as sy susters en broers. Juis dié familieband wat deur die Gees wat in ons woon, bevestig word, maak van ons eerste roepers van die nuwe dag in die wêreld waar ons woon. Vra dat ons veral ons burgerskap van 'n nuwe werklikheid sal uitroep in die wêreld waaruit ons wakker geword het en wat nog rukkerig en koerswyd vorentoe beur na 'n nuwe geboorte.

Dan, te midde van en ten spyte van die einas en amens in die lewe, is dié trajek oor 'n kruisvisier na 'n nuwe visie ontsluit deur die leë graf. Juis daarom is ons meer as oorwinnaars... (vers 37) en weet ons (en veral ook die skepping!) dat in die Pinkstertyd en dáárna, niks, ons van die liefde van God kan skei nie (vers 39).

Dan verstaan ek hoekom as ek die sugte as roepe na 'n nuwe dag van heerlijkheid hoor, ek ook hoopvol kan weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat hom liefhet (vers 28). Veral my verhouding tot die Skepping behoort dán duidelik te wys dat ek nie net die lig in die donker raaksien nie, maar dat dit inderdaad reeds in my lewe begin deurskyn. Roepende én sienende dat die

kleur van donker lig is in...

hoe ek 'n druppende kraan toemaak en in dié druppel 'n oseaan spaar;

'n sonstraal vir sonkrag energie vasvang in plaas daarvan om 'n smerige donker koolstofspoor na te laat;

'n skilpad van die warm teerpad help voor 'n volgende motor kom... .

Dit alles is tekens, as jy wil selfs helder "roepe", saam met die Jan Frederik in die Olienhout voor die huis; sélfs duidelike belydenisse vasgevang in dade, dat ek as gelowige reeds die ... lig in die donker raaksien.

Want die kleur van donker is lig.

Amen.

### **Gebed:**

Ons Vader, Seun en Heilige Gees  
Sugtend uit ons wêreld vol haat en roof

wil ons saam met die Jan Frederik roep:

die kleur van donker is lig

Lei ons asseblief om as Pinksterlinge,  
susters en broers van ons Here,  
in die tyd saam met die skepping te sug.  
Gebruik ons in die skepping om haar  
in kreune van verwagting na 'n nuwe bedeling te dra.  
Wil u asb. deur die Gees ons daarin help werk én sug....  
want dit bely ons; sien ons nou duidelik:

die kleur van donker is lig.

Sugtend met hoop bid ons dit saam met die Gees. Amen.

## 8.

# **Die Gees help ons bid (aanbidding & voorbidding)**

## **Johannes 4:20-26**

Suzanne van der Merwe

Matt Redmann se lied met die titel "Heart of Worship" is een van my gunsteling aanbiddingsliedere. Die teks van hierdie lied impliseer dat mense die hart van aanbidding verdraai het. En dat die tyd aangebreek het – *ke nako* – om die Vader, die Seun en die Heilige Gees waaragtig te aanbid. Met hierdie Pinksterreeks is die fókus op die Heilige Gees wat heel en nuut maak, met die spesifieke klem vandag op die Gees wat ons leer om waarlik te aanbid.

Johannes 4 is 'n unieke verhaal – Jesus se ontmoeting met die Samaritaanse vrou by Jakob se fontein. Tydens hierdie ontmoeting met Jesus opper hierdie Samaritaanse vrou 'n gedagte wat al lank by haar spook. Sy sê-vra in vers 20: "Ons voorouers het God op hierdie berg aanbid, en tog sê julle die plek waar 'n mens God moet aanbid, is in Jerusalem." In hierdie opmerking raak sy die verlore stukkie van die legkaart aan. Jesus antwoord

haar toe dat aanbidding geensins plek gebonde is nie, hetsy die berg waar hulle was of in Jerusalem. Ware aanbidding het te make daarmee dat ons God deur die Gees en in waarheid sal aanbid.

Vandag, veral in hierdie Covid-19 pandemie, word ons blootgestel aan verskillende vorme van aanbidding met al die virtuele eredienste waartoe ons toegang het. In hierdie unieke tyd is die vraag op ons lippe dus: wat is aanbidding en wat behels dit?

Die eerste verwysing na aanbidding van God in die Bybel vind ons in Genesis 22:5. Dit was toe Abraham sy seun Isak, op God se versoek, na die berg neem om Isak aan God te offer as 'n teken van Abraham se toewyding en gehoorsaamheid aan God. Regdeur die Bybel is die tekste, waarin die woord aanbidding voorkom, duidelik oor die eenvoud van hierdie woord – 'n manier waarop mense ons totale toewyding aan God uitdruk. Romeine 12:1 verwoord dit as volg: "En nou doen ek 'n beroep op julle, broers (en susters), op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen."

Laat ons dus kyk wat dit beteken om God deur die Gees en in waarheid te aanbid.

1. Aanbidding is op God gerig. Ek haal graag vir Glenn Wagner aan: "I believe that one of the most evangelistic tools the church possesses, one desperately needed today, is authentic worship. People want to know, first, if God exists; then second, can they relate to Him? If God exists, is it possible to connect with Him in a vibrant, dynamic way? In genuine, authentic worship, observers see real people connecting powerfully with the real God. Unfortunately, the current seeker-sensitive model - at least as many churches have practiced it - has led to a weak and anaemic view of worship and prayer. That has led to weak and anaemic relationships, both with God and with other believers. But the situation does not have to remain unchanged. The outflow of a focus on God, a submission to the real Jesus, and an emphasis on ever-deepening relationships is an energetic, joyful, Spirit-filled, congregational worship of the triune God. Genuine celebration erupts when God's people discover who they are in Christ. And powerful prayer arises from the hearts of those who have truly entered the presence of God."

Dit is eintlik so vanselfsprekend dat aanbidding veronderstel is om God-gerig te wees. Aanbidding het niks te make met my behoeftes en my begeertes nie.

2. Aanbidding verkondig die evangelie - die sentrale tema van die evangelie is God se liefde vir die wêreld en die stuur van sy Seun om ons van ons sondes te verlos. Robert Webber beskryf dit as volg:

"We need to let go of our intellectual idea of worship and realize there is more to worship than a sermon; we must let go of our evangelistic notion of worship and reckon with the fact that worship is not primarily directed toward the sinners who need to be converted; we must let go of our entertainment expectations and remind ourselves that we are not in church to watch a Christian variety show. We have gathered in worship to be met by God the Almighty. God, the Creator of the Universe, the One who sustains our lives, our Redeemer and King, is present through proclamation and remembrance. He wants to communicate to us, to penetrate our inner self, to take up residence within us. And, as we go through the experience of meeting with him in this mystical moment of public worship, we are to respond. But response is not just singing a hymn, not just saying a creed, not just saying a prayer. Response, from the very beginning of worship to the end, must be a powerful inner experience of being in the presence of God. When we sing a hymn or say a confession or prayer, we are not singing or saying words, but expressing a feeling, bringing our souls, truly responding, and communicating to the living and active presence of a loving and merciful God."

Wanneer ons God aanbid deur die Gees en in waarheid sien, hoor, voel en proe ons die hart van God vir hierdie stukkende kosmos waarvan ek en jy deel is.

3. Aanbidding is 'n daaglikse geloofsritme. Dit kan nooit beperk word tot een dag per week nie, naamlik Sondag. Ons behoort God 365 dae per jaar te aanbid. Van sonop tot sononder behoort ons God te aanbid deur ons hele lewe, ons hele bestaan aan Hom te wy. Ons aanbid God deur elke dag vir Hom, en Hom alleen te lewe, sy Woord te lees en te bestudeer en om mense met wie ons paaie kruis die vreugde van ons verlossing te laat sien. Dit is in hierdie oomblikke waar ons werklik lewende en heilige offers is; in hierdie oomblikke AANBID ons.

**Gebed:**

- Bid dat die Here, deur sy Gees, ons sal leer en sal oefen om die Drie-enige God in alle opregtheid te aanbid.
- Bid dat die Here ons in die proses van ons aanbidding, sal heel- en nuut maak.

## 9.

# Die Gees skep gemeenskap met God en mekaar (eenheid, versoening)

**Johannes 15:26-27 en Johannes 17:24**

Pieter Verster

### **Eenheid met God in getuienis en eenheid met mekaar in getuienis.**

“Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig. En julle moet getuig, want julle is van die begin af by My” (Johannes 15:26-27).

“Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlijkheid kan sien, die heerlijkheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het.” (Johannes 17:24).

As daar een saak is wat van die allergrootste belang is, is dit dat die Heilige Gees getuig oor Jesus Christus. Christus word verheerlik. Die wonder is dat gemeenskap met God geskep word deur die Gees wat Christus verheerlik en beklemtoon dat Hy die lewende Here is. So word swak, sukkelende, struikelende en sondige mense in 'n verhouding met God gebring. Tydens Pinkster getuig ons van geloof en toewyding en liefde. Teenoor die wêreld van ongeloof en verwerping van God verseker die Heilige Gees dat God bestaan en geken word in sy Seun Jesus Christus. Niks of niemand kan die stoel onder ons uitruk nie, want die Heilige Gees getuig juis dat Jesus leef.

Die gedeeltes moet ook teen die agtergrond van vervolging verstaan word. Die dissipels sal vervolgd word vanweë hulle geloof en getuienis dat Jesus die Here is, maar die Heilige Gees sal hulle juis versterk om aan God verbonde te leef.

Die Gees is nie sommer enige gees wat voorkom nie. Die Gees gaan van die Vader uit. Daarom is Hy ook die Gees van waarheid. Selfs by die Qumran-gemeenskap is gemeen dat die Gees van die waarheid God se reg beklemtoon. Soos nog nooit vantevore nie word vandag die waarheid van die evangelie misken, ontken en verwerp. Maar die Heilige Gees, die Gees van waarheid, bevestig die waarheid van God. Lees ons hierdie teks saam met die teks in Johannes 14:6-7 “Jesus het vir hom gesê: ‘Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My

nie. As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom’,” besef ons juis hoe die waarheid aan Jesus verbind word. In hierdie totale waansinnige wêreld van ellende en diepe nood met korrupsie en misdaad, is dit juis die Gees wat getuig dat ons aan God behoort in Jesus en so word die waarheid deurgegee

Die Heilige Gees getuig oor Jesus. Die eenheid tussen die Gees en Jesus Christus is van groot belang. Juis so word ons aan God verbind. Daar bestaan ’n groot misverstand oor die Heilige Gees, naamlik dat jy die werking van die Gees kan losmaak van Christus. Dikwels word mense se eie insigte voorgehou as dat dit van die Gees van God kom. Die getuienis van die Gees word so losgemaak van die getuienis aangaande Jesus self. Nee, om God te ken moet jy Jesus ken en om Jesus te ken moet jy deur die Heilige Gees na Jesus gelei word. Wanneer die Heilige Gees losgemaak word van Jesus self is die Gees nie meer die Gees wat openbaar word in die Bybel nie.

Deur die Heilige Gees word ons verbind aan God deur Jesus Christus en verkry ons ook ’n verhouding met God in Jesus. Angsbevange roep mense soms na God. Waar is God wanneer die dood ons bedreig en mense siek word tot die dood toe? Waar is God wanneer mense hulle werk verloor en geen vooruitsig het om nuwe werk te kry nie? Waar is God as mense ander mense se lewensmoontlikhede vernietig deur korrupsie en misdaad? Waar is God? God is juis daar waar die Heilige Gees van Jesus getuig. So is daar eenheid met God in Christus.

Jesus se heerlijkheid by God die Vader word sigbaar. Nie alleen verheerlik die Gees Christus nie maar ook word die eenheid met die Vader beklemtoon. Die eenheid tussen God die Vader en die Seun en die Heilige Gees is ononderhandelbaar.

Nou help die Gees ons om ook in eenheid oor Jesus te getuig. Dit is juis so dat die eenheid in geloof in die eenheid in getuienis na vore kom. Die getuienis van die gelowiges is dieselfde getuienis as van die Gees omdat dit deur die Gees gegee word. Kerke in Suid-Afrika en in die wêreld sal in eenheid met mekaar moet getuig dat Jesus die Here is, en sal al meer moet getuig dat die Heilige Gees Jesus Christus verheerlik. Hierdie getuienis sal dus altyd rondom die betekenis van die kruis van Christus wees. Daar bestaan ’n wonderlike boekie van die Nederlandse teoloog Bram van de Beek, *Altijd dat kruis*, waarin hy dit baie duidelik maak dat Jesus aan die kruis die nood, angs en ellende van die wêreld dra. Die kruis van Jesus is die plek waar God die mens ontmoet. In eenheid moet daarvan getuig word. Maar die eenheid in getuienis oor die kruis lei tot eenheid in die getuienis aangaande die opstanding van Christus. So word die lewe nuut en kan daar

ware versoening tussen mense kom want die gekruisigde Christus is ook die opgestane Christus. Die Heilige Gees verseker juis daarvan.

Ons as gelowiges word aan mekaar verbind deur in die Gees te getuig dat Jesus die Here is. Mens reik so 'n hand uit na almal in nood. Die kerk leef so juis in die Gees. Nie deur buitensporige vreemde optrede nie, want die Heilige Gees ruk nie uitmekaar nie, maar verenig en seën.

Daarom roep Pinkster ons juis op om meer en meer in eenheid te getuig dat Jesus die Here is. Mag daar hierdie Pinkster soos in die verlede weer 'n groot herlewing kom sodat die kerk onomwonde kan getuig dat God bestaan en dat die liefde van God sigbaar is omdat die Heilige Gees Jesus Christus verheerlik.

As mense dan vra waar is God, kan ons getuig dat die Heilige Gees ons verbind aan Hom deur Jesus die Here.

### **Gebed**

*Wonderbaar is U o Here. Soos 'n fontein na lieflike reën 'n oorvloed van seën laat uitstroom, so giet U heerlijkheid uit. Saam met en in die getuienis van die Heilige Gees wil ons in eenheid getuig dat U o Jesus die Here is. Al die lof en al die eer al die aanbidding kom U toe. Soos verdwaaldes in die woestyn wat by 'n bron van lewende water kom, les ons ons dors in hierdie verskriklike wêreld – juis by U wat die lewende water gee. O Heilige Gees, verbind ons aan Jesus en aan mekaar met hoop op die nuwe lewe. Drie-enige God, wees vir ons soos die fluistering in die windstilte in U openbaring aan Elia. Laat ons in U rus. U alleen wat sonde vergewe, Amen*

## **10.**

# **Die Gees roep en stuur ons na die wêreld**

## **Pinkstersondag**

### **Handelinge 2:1-13**

Wessel Wessels

“Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen. (Handelinge 2:4)

*Here, Ons God. Ons vind onself in u teenwoordigheid as mens op verskeie plekke en ervarings van lewe. Van ons kom na U met bekommernis en ander met blydskap. Van ons met opwinding en ander met 'n swaar gees. Van ons met angs en ander met ambisie. Elkeen van ons met 'n verwagting om van U 'n woord te hoor. En tog ken U ons beter as wat ons onself ken. U weet nog meer wat ons benodig om te hoor. Daarom, Here, maak ons harte en gedagtes oop om te hoor. Deur die krag van u Gees, verhelder vir ons u Woord. Of dit nou is dat ons bemoedig word, of uitgedaag word, hoop ontvang, of gelei word inwaarts, mag u Woord in waarheid verkondig en aangehoor word. En mag ons met vreugde die oorfloedige gawes van u Heilige Gees ontvang. Want u Woord is die lamp op ons pad en die lig vir ons voete. In Christus Jesus naam. Amen.*

## I

Een van die mees bekende strofes van die Kaaps-Afrikaanse digter Adam Small se werk is dit: "die Here het gaskommel en die dice het verkeerd geval vi' ons". Toe hy hierdie woorde geskryf het, in die 1960's, was die lewenservaring en vryheid van sommige mense beperk a.g.v. die kleur van hulle vel en die taal wat hulle praat. Dit is moontlik om in die besonderhede in te gaan oor wat in die verlede in Suid Afrika gebeur het, maar ons ken dit goed en die gemoedere daarvoor loop nog hoog. Maar hierdie is die punt wat ek wil maak: die menslike gewoonte, die wêreldse beginsel was nog altyd om sommige mense intiem in te sluit en ander op 'n afstand te hou, soms op grootskaal, soms polities. Maar inderdaad ook persoonlik.

Dit gesê, is ons wêreld nog steeds so 'n wêreld. Steeds is die manier hoe ons lewe geskoei op die insluiting van sommiges en die uitsluiting van die ander. Ons doen dit vir oorlewing, want ons moet weet wie ons kan vertrou. Ons doen dit omdat ons beperkte vermoëns en bronne het, want ons kan net soveel mense ken en met soveel ons tyd deel. Ons doen dit omdat ons beperk is in ons liefde, omdat ons net soveel energie daarin kan plaas om intiem om te gee.

Dit is menslik. Dit is verskoonbaar. Dit is wie ons is.

## II

Maar dit is nie die hele verhaal nie. Die verhaal eindig nie met wie ons is of hoe ons verbeelding God verdraai sodat dit voorkom of ons uitsluitingsbeeld die gedobbel van God is nie. Die verhaal eindig nie by die *dice* nie en word nie vasgelê in die 'n Lotto-trekking nie. Inteendeel, dit is nie eens waar die verhaal begin nie.



In ons teksgedeelte, in vers 4, hoor ons hierdie woorde: "Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen."

In hierdie teks gaan dit nie soseer oor die hoor van die goeie nuus nie, maar eerder oor die praat van die goeie nuus. En nie net enige praat van die goeie nuus nie. Die praat van die goeie nuus in *ander tale*. In hoorbare taal: "Hoe hoor elkeen van ons dan ons eie moedertaal?" (vers 8). In moedertaal. In huistaal.

Net soos wat daar niks soeter in die oor is as die aanhoor van jou naam nie, veral uit die mond van 'n geliefde. So is daar niks mooier as die aanhoor van jou taal nie. Dit is daardie oomblik, op die trein in Londen, waar jy 'n gesprek oorhoor: "Dit gaan goed met my, hoe gaan dit met jou?" Dit is daardie oomblik, op reis in die vreemde, wanneer jy 'n oproep ontvang: "Ek mis jou". Dit is daardie moment, vêr van die huis, wanneer jy omarm word deur die intieme arms van jou moedertaal in die boek wat jy saamgevat het.

### III

Daar is 'n welbekende gesegde: "As jy met 'n mens praat in die taal wat hulle verstaan, dan spreek jy tot die verstand. Maar as jy met 'n mens praat in hulle eie taal, dan spreek jy tot die hart." En so spreek ons teksgedeelte nie tot die verstand nie, maar tot die hart. Tot die intieme van die mens. Tot die diepste behoeftes en begeertes. Ook vir jou, in jou vreemde taal, vir jou is die goeie nuus van ons Here, Jesus Christus. Vir jou in sy dood. Vir jou is die vergewing van sondes. Vir jou is genade. Vir jou is hoop. Vir jou is die opstanding as teken van 'n toekoms. Vir jou!

Maar dit is nie al nie. Want dit is nie net die bewuswording van intieme liefde in die aanhoor van die goeie nuus nie. Dit is ook die aanleer van intieme liefde in die praat, die uitspraak, die verkondiging van die goeie nuus in 'n ander taal.<sup>5</sup>

Daar gebeur nog iets in ons teksgedeelte. Om in 'n ander taal te praat. Om 'n ander taal aan te leer. Om die geduld en leerbaarheid te beoefen om te sit by die voete van 'n ander kultuur, 'n ander taal, 'n ander volk, ander mense, is om intieme liefde aan te leer vir die ander. Dit is om met intieme toewyding jouself bloot te stel aan die onbekende reis na die hart van die vreemdeling en self die vreemdeling te word. Dit is om met intieme lojaliteit 'n nuwe verstaan van God se openbaring te ontmoet, binne die huis van die

---

<sup>5</sup> Willie James Jennings, *Acts (Belief: A Theological Commentary on the Bible)* (Louisville: Westminster John Knox Press, 2017), 27-33.

buitestaander. Dit is om met intieme hoop te beweeg binne-in die diversiteit van God se skepping, na die uithoeke van die aarde.

Met die moedertaal van 'n ander op jou lippe, word jy die kind van 'n ander moeder. Jy word die suster en broer van jou suster en broer wie jy nie gedink het jou suster of broer is nie. Jy word deel van 'n familie wat van elke volk en nasie saamgeroep is om te buig voor die Here van here, die Koning van konings, die President van presidente.

#### IV

Dit is op hierdie oomblik van 'n vermenging van taal en identiteit waar ons anders dink oor die woorde van Adam Small: "die Here het gaskommel en die dice het verkeerd geval vir ons". Ja, die Here het *gaskommel* en die *dice* het geval en dit blyk op eerste oogopslag dat dit verkeerd geval het vir ons. Maar die storie begin en eindig nie by die wêreld soos ons dit in onreg vind nie – waar ons identiteit nie *reg* is nie. Dit begin en eindig by daardie bokamer waar die dissipels bang was, hul lewens in gevaar, die *dice* verkeerd geval vir hulle. Verkeerd geval, maar nie verkeerd gebly nie. Want die geweldige stormwind het die *dice* omgewaai en nuutheid die wêreld ingebring. Hierdie nuutheid is die onmoontlike verwelkoming van die vreemdeling se moedertaal in ons mond en ons moedertaal in hulle mond. Die onmoontlike intieme liefde vir die ander in ons hart en intieme liefde vir ons in hulle hart. Die onmoontlike verwelkoming en intieme insluiting van die vreemdeling. En die onmoontlike verwelkoming en intieme insluiting van ons. Alles deur genade. Alles deur die Gees van God op hierdie Pinkstersondag.

Hierdie is die Woord van die Here vir ons vandag, mag dit vir ons tot seën wees.

*Here, ons God. Ons dank U vir die gawe van u Woord en ons bid vir die genade om vir U te lewe op maniere wat eer aan U bring. Op hierdie Pinkstersondag, lei ons deur u Gees opnuut in die onmoontlike intieme liefde van u woorde; vir ons, vir ons mense, vir die vreemdeling by ons, en vir die interaksies met die ander. Kom ons bid hardop saam die Onse Vader.*

**Onse Vader...**